higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N760**(A)**(N12)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE KLEDINGKONSTRUKSIE N4

(10010444)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE KLEDINGKONSTRUKSIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die smeltbare ..., veral die stywer soort, is geneig om 'n mate van rigiditeit aan die kleedstof toe te voeg.

A aanstiksoort
B soort wat met harpuis bestryk is
C stoomgeparste soort
D sproeiklewingsoort

1.2 Hierdie soort afwerking is die beste keuse, veral wanneer 'n dekoratiewe effek verlang word:

A Hakies en ogies
B Ritse
C Knope
D Drukknopies

1.3 Dit kan rafelrande stik en terselfdertyd afsny, teen tot 1 500 steke per minuut.

A Reguitsteek
B Varigradeerder (varigrader)
C Sergewerker (serger)
D Blindsoomwerker

1.4 Merke wat met ... gemaak word, word NIE in water uitgewas of verdof ná 'n paar dae nie.

A kryt
B krytpotlode
C krytwiggies
D 'n materiaalmerkpen

1.5 Hierdie soort soomafwerking is in die besonder vir breistowwe geskik. Dit is 'n vinnige soomafwerking vir stowwe wat 'n bietjie of geensins rafel nie.

A Gestik en getand ('pinked')
B Omgeslaan en gestik
C Gestik, met omgekapte rand
D Sigsagrand

Kopiereg voorbehou

1.6 Hierdie soomafwerking kan op die kledingstuk self met behulp van 'n kontrasteerstof omgeslaan of gevoer word:

A 'n Boordjie
B Selfsoomrand
C Ingesitte voeringspyp
D Dubbelvoubinding

1.7 ... is weef- of breistof met 'n dik, kort pool.

A Veloer
B Satyn
C Glanssatyn
D Soera

1.8 Materiaal of sierbelegsel met 'n blomme- of krulontwerp wat sonder 'n basisstof gefatsoeneer word:

A Kant
B Honan
C Kapok
D Katoen

1.9 Dit word ontwerp vir 'n figuur wat begin ontwikkel, en die reeks patroongroottes is van 6 tot 14:

A Meisies
B Voorskoolse kinders
C Tieners
D Kleingeboude meisies

1.10 Maak voorsiening vir 'n breër soom vir rokke en langbroeke sodat die kledingstukke langer gemaak kan word:

A Postuur
B Persoonlikheid
C Ouderdom
D Groei

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies 'n woord/term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Klein kinders is uiters aktief en klere wat hul beweging aan bande lê, sal hulle gou ongemaklik laat voel	A	katoen
		B	kasjmier
2.2	Een van etlike soorte sierbelegsels wat pasklaar beskikbaar is	C	rek
		D	indigo
2.3	'n Stampblok, gemaak van hout, wat gebruik word wanneer rande met behulp van stoom platgemaak moet word	E	vasmaakmiddels
		F	Hongaars
2.4	Die diagonale las van twee rande by 'n hoek; dit kan in posisie gevou of gestik word	G	linne
2.5	Gesanforiseer wanneer dit vooraf gekrimp word	H	opstaankraag
2.6	Hierdie belegsel behoort hoogstens 7% te krimp en moet versoenbaar wees met die versorgingsinstruksies vir die kledingstuk	I	verstekhoek
		J	tricot
2.7	Verloor geleidelik sterkte in sonlig	K	klapper
2.8	Strek bo die halsnaatlyn van die kledingstuk in 'n enkelbreedte band of in 'n breër dubbelband wat oor homself gevou word	L	netjiese passing
		M	parslap
2.9	Moet skoon gehou word; andersins maak dit die naaldwerk vuil of beskadig dit	N	sierband
2.10	Knoopsgate of materiaallussies moet groot genoeg wees en moet stewig afgewerk word		

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Voorskoolse kinders en laerskoolkinders is sosiaal aktief; dus is dit belangrik dat hulle by hul portuurgroepe inpas.

3.1.2 Die reguit boordjie word dubbel in die breedte geknip sodat dit op sigself teruggevou kan word.

3.1.3 'n Parshandskoen is 'n silindriese, opgestopte kussinkie met ronde ente om klein rondinge of lang nate in nou areas te pars.

3.1.4 Krae moet geknip, afgewerk, uitgedun en ingekeep word om dikte in ingevoude nate te verminder.

3.1.5 'n Strykyster wat nie termostaties gereguleer kan word nie, kan nie beskerm word deur 'n spesiale plastiekplaat aan die basis daarvan vas te maak nie.

3.1.6 Die oorhandse steek word gebruik om rafelrande af te werk ten einde rafeling te verhoed.

3.1.7 Die binnevoering is 'n onderliggende kleedstof wat as hulpmiddel gesien kan word om 'n beter kledingstuk te konstrueer.

3.1.8 'n Soliede strykplank met 'n sagte oppervlak is die beste keuse vir rokke.

3.1.9 Rekmiddelbande kan met 'n selfband of 'n aparte band wat merendeels vir breistowwe geskik is, ingesit word.

3.1.10 Boorsel is koord wat met 'n stuk kabelkoord gevul word en dus rond is.

3.1.11 Knope aan kinderklere word toenemend gewild aangesien dit stewiger sit as drukknopies en kinders dit maklik kan hanteer.

3.1.12 Afwerking word gedoen wanneer materiaal by die hoeke van krae en sakke en by naattoelatings weggesny word; dit word voor uitdunning gedoen om 'n gelyke breedte te verkry.

3.1.13 Katoenstowwe word geel en word verswak wanneer dit aan sonlig blootgestel word.

3.1.14 Fynstopselstekies kan gebruik word om binnevoering aan kledingstukdele te laat vaskleef.

Kopiereg voorbehou

3.1.15 Wanneer materiaal tydens stikwerk getrek word, kan die naald van die naaimasjien breek.

(15 × 1) (15)

3.2 Gee EEN woord/term vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf net die woord/term langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.2.1 'n Langwerpige, stewig opgestopte kussing met ronde ente

3.2.2 Twee voue, albei in die lengte, met selfkante, wat gewoonlik by die middel ontmoet

3.2.3 Die ent of onderrand van 'n kledingstuk wat gewoonlik gevou en gestik word

3.2.4 'n Ontwerp van geweefde of gedrukte lyne wat by regte hoeke sny

3.2.5 Word gebruik om in moeilik bereikbare areas asook teen koord in boorsel te stik

3.2.6 Word met ander soorte vesels gemeng om koste te verminder of om 'n bepaalde effek te verkry

3.2.7 Om hierdie redes moet kinders se klere nie te groot wees nie aangesien dit hulle gaan belemmer as hulle hardloop; hulle kan struikel en val.

3.2.8 Materiaallussies wat as vasmaakmiddels in kinderklere gebruik word

3.2.9 Wanneer dit baie keer vergroot word, lyk dit soos bamboes, met 'n natuurlike glans

3.2.10 Hierdie steek is feitlik onsigbaar en word hoofsaaklik vir some gebruik.

3.2.11 Die versorging en gewig wat hiervoor gekies word, moet met die res van die kleedstof versoenbaar wees.

3.2.12 Word gebruik om ongevoude skuinsbande en kant te stik

3.2.13 Is tradisioneel van gekleurde skeringgaring en wit inslaggaring gemaak en merendeels vir werksklere, klinknaelbroeke, baadjies, rompe en stoffeerstowwe gebruik

3.2.14 Word gebruik om vasmaakmiddels eenvoudig en vinnig in te sit

3.2.15 Merke vir hierdie doel word op kommersiële patrone aangedui om verstellings aan die ontwerp aan te bring.

(15 ×1) (15)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

Bestudeer die prente van kinderdrag in FIGUUR 1 en beantwoord die vrae.



FIGUUR 1

4.1 Bespreek die styl van die kledingstukke wat vir kinders ontwerp is, onder die volgende opskrifte:

4.1.1 Netjiese passing

4.1.2 Vasmaakmiddels

(2 × 4) (8)

4.2 Verduidelik hoe jy die volgende mates van 'n kind sal neem voordat jy die kledingstukke ontwerp:

4.2.1 Heupe (4)

4.2.2 Romplengte (3)

4.2.3 Nekmates (2)

4.3 Noem VYF faktore wat in aanmerking geneem moet word wanneer materiaal vir kinderklere gekies word, maar voordat die aankoop gemaak word. (5)

4.4 Wanneer klere vir kinders gekoop word, kan dit taamlik duur uitwerk en soms op 'n verkwisting uitloop, veral as jy geen benul het van hoe om klere vir kinders te koop nie.

Verduidelik kortliks die volgende leidrade wanneer klere vir kinders gekies word:

4.4.1 Sakke

4.4.2 Nate

4.4.3 Tekstielstof

(3 × 2) (6)

4.5 Noem voorbeelde van breitekstiele wat vir kinderklere geskik is. (4)

4.6 Binnevoerings versterk dele van 'n kledingstuk om te verseker dat 'n kledingstuk 'n langer lewensduur het.

Noem DRIE areas van 'n kledingstuk waarby jy binnevoerings sou byvoeg. (3)

4.7 Dui DRIE faktore aan wat jy in aanmerking moet neem voordat jy 'n naaimasjien koop. (3)

4.8 Verskeie foute of probleme kan tydens die vervaardigingsproses ontstaan – óf as gevolg van die gebruik van die verkeerde naalde of garing óf weens die verkeerde spanning wat gekies is.

Verduidelik kortliks die oorsake van die volgende:

4.8.1 Naaldbrekasies

4.8.2 Oorgeslaande steke in 'n naat

(2 × 3) (6)

4.9 Noem SES patroonsimbole wat op kommersiële patrone voorkom om te help dat 'n kommersiële patroon suksesvol gebruik word. (6)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Om tekstiele te verstaan, is 'n belangrike aspek vir die aanmekaarwerk/stik van kledingstukke. Dit is belangrik om te verstaan hoe materiaal geproduseer word, wat die inhoud daarvan is en hoe om die verskillende soorte materiaal te identifiseer. Beantwoord die volgende vrae wat op vesels en stowwe gebaseer is:

5.1 Dui DRIE maniere aan waarop jy kledingstukartikels, wat uit syvesels vervaardig word, sal versorg. (3)

5.2 Noem DRIE afwerkingsprosesse wat op linne van toepassing is. (3)

5.3 Dui DRIE resultate van die brandtoets aan wanneer dit op wol toegepas word. (3)

5.4 Noem TWEE stowwe wat van syvesels gemaak word. (2)

5.5 Bestudeer die sketse van die bloese in FIGUUR 2 en beantwoord die vrae.



FIGUUR 2

5.5.1 Noem die DRIE krae wat in die sketse in FIGUUR 2 getoon word. Skryf net die antwoord langs die letter (1–3) in die ANTWOORDBOEK neer. (3)

5.5.2 Noem DRIE ander krae wat op die ontwerpe in FIGUUR 2 aangebring kan word. (3)

5.5.3 Watter DRIE metodes kan gebruik word om die rand van die moulose armsgat A in skets 1 af te werk? (3)

5.5.4 Watter soort detail is in die ontwerp, wat B in skets 2 benoem is, gebruik? Die detail wat getoon word, strek van die agterkant van die kledingstuk wat geen skouernaat het nie. (1)

5.5.5 Verduidelik die doel daarvan om die detail, wat in VRAAG 5.5.4 gebruik is, op die kledingstuk aan te bring. Die detail strek gewoonlik van die agterkant af en oor die lengte van die skouers. (5)

5.5.6 Noem die pylnaat wat deur C in skets 1 aangedui word. Dit fatsoeneer die kledingstuk en kan volheid voorsien of wegneem. (1)

5.5.7 Beskryf die pylnaat wat jy in VRAAG 5.5.6 genoem het. (4)

5.5.8 Opnaaisels het dieselfde nut as pylnate en voeg terselfdertyd ontwerpswaarde tot kledingstukdele toe.

Verduidelik die funksie van die pylnaatopnaaisel (of uitlaatopnaaisel). (8)

5.6 Die afwerking van 'n kledingstuk hang af van die gehaltestandaarde wat deurgaans tydens die vervaardigingsproses toegepas is.

Watter VIER gehaltestandaarde sal jy toepas om te verseker dat pylnate, plooie en pylnaatopnaaisels aan 'n hoë gehaltestandaard voldoen? (4 × 2) (8)

5.7 Teenkantstroke word algemeen in die konstruksie van kledingstukke gebruik.

Noem enige DRIE gebruike van teenkantstroke op klere. (3)

[50]

VRAAG 6



FIGUUR 3

6.1 Bestudeer FIGUUR 3 en benoem die konstruksie en die detail wat aangedui word en skryf die antwoord langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer. (10)

6.2 Rekbroeksbande is een van die opsies om die middellyne van kortbroeke en langbroeke af te werk.

Verduidelik breedvoerig hoe die selfbandrekbroeksband by 'n middellyn ingesit word. (14)

6.3 Klinknaels ('studs') word algemeen merendeels op denimkledingstukke gebruik, maar dit kan ook op ander kleedstowwe gebruik word.

Verduidelik DRIE gehaltestandaarde wat jy in gedagte sal hou wanneer jy klinknaels op jou ontwerpte kledingstukke aanbring. (3 × 2) (6)

6.4 Sakke is funksioneel en dekoratief op enige soort kledingstuk. Die binnenaatsak word ingesit in kledingstukke wat breër as die liggaamsmates geknip word.

Watter DRIE soorte binnenaatsakke kan op jou ontwerpe aangebring word? (3)

6.5 Beskryf die verlengde binnenaatsak. (4)

6.6 Masjiensteke word omvattend tydens die vervaardigingsproses gebruik.

Verduidelik die doel van elkeen van die volgende kortliks:

6.6.1 Agterstikwerk

6.6.2 Bostikwerk

(2 × 4) (8)

6.7 Opnaaisels kan ook op sakke aangebring word om die waarde van 'n kledingstuk te verhoog.

Noem DRIE soorte opnaaisels wat jy vir ontwerpe op sakke vir damesbloese sal aanbeveel. (3)

6.8 Dui TWEE dele van 'n kledingstuk aan waarop die detail wat VRAAG 6.1.7 in die skets in FIGUUR 3 genommer is, aangebring kan word. (2)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou